Kurrikulum Direktoraat: AOO			LESPLAN
Vak	**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**5**	**Week**	**1**
Aanbeveling	➢ Voer informele, gestandaardiseerde basislynassessering en -oriëntering gedurende die eerste 3 dae van die kwartaal in Week 1 (Dag 1 tot 3) uit. ➢ Die data kan dan gebruik word om leergapings te identifiseer. ➢ Hierdie inligting kan dan gebruik word om daaropvolgende onderrig- en leeraktiwiteite in te lig.		
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	• Oefen Luister en praat / hardoplees • (Kies een vir (elke) daaglikse oefening) - Voer 'n kort gediggie of rympie op - Speel eenvoudige taalspeletjies • Luister eers na en Lees dan 'n storie ***Lady en die Vabond***: hardoplees • Doen 'n leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)in pare • Besin oor tekste gelees tydens onafhanklike lees: Vergelyk tekste gelees • Skryf die finale weergawe van persoonlike hervertelling • Spelling en punktuasie, Werk met woorde en sinne, Woordeskat in konteks		
Inleiding	**TEMA: Die waarde van vriendskap** • Deur vriendskap leer kinders van gee en neem, wen en verloor, volg en lei. Hulle ervaar vrees en verwerping, maar ook vreugde en kameraadskap. • Op die lange duur help vriendskap kinders om die sosiale vaardighede wat hulle as volwassenes gaan benodig, te ontwikkel. • Goeie vriendskapvaardighede moet reeds in die kinderjare aangeleer word. • As jy eers volwasse is, is dit baie moeiliker om goeie verhoudings te leer vorm. Dis soos om te leer swem: Dis makliker as jy jonk is.		
Konsolidasie	• Leerders gaan leer hoe om spesifieke kenmerke van 'n storie te identifiseer en te herroep. • Leerders gaan in 'n gesprek deelneem oor die elemente van 'n storie, 'n leesstuk lees • Ons volgende les sal handel oor 'n feitlike hervertelling. • Lees daagliks		
Papiergebaseerde bronne: Flitskaarte met woordeskat Tekskenmerke Woordeboek		**Digitale bronne:** https://wcedeportal.co.za/curriculum-supporthttps://wcedeportal.co.za/partners/#103031 https://www.digitaldialects.com/Afrikaans_spelling/Vocabulary.htm https://afrikaans.com/leerhulp/taalspeletjies/	
AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**VAARDIGHEDE** **(WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING** **(HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**Hulpbronne / LOOM** **(WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)**
	Luister en Praat *Oefen luister en praat/ hardoplees* *(Gedeelde teks vir die dag)* *• Lees hardop met:* *• Toepaslike uitspraak* *• Vlotheid* *• Uitdrukking*	Aktiveer voorafkennis Vra vrae binne leerders se ervaringsveld om as aanknopingspunt vir die teks te dien. Gesels oor / Verduidelik moeilike woordeskat in konteks	https://www.digitaldialects.com/Afrikaans_spelling/Vocabulary.htm https://afrikaans.com/leerhulp/taalspeletjies/

	• *Voer 'n kort gedig of rympie op* • *Speel 'n eenvoudige taalspeletjie* • *Gee en volg eenvoudige instruksies* • *Vertel eie nuus*	Gee vir leerders kans om gediggies voor te sê en/of, taalspeletjies te speel,	
	Lees en Kyk Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik) • Besin oor tekste wat selfstandig / in pare gelees is • Hervertel storie of hoofgedagtes in 3 tot 5 sinne • Gee opinie oor storie	Aktiveer voorafkennis Vra vrae binne leerders se ervaringsveld om as aanknopingspunt vir die teks te dien. Werk met woorde en ontwikkel woordeskat Ouer / Onderwyser/Leerder identifiseer nuwe uitdagende woorde en onderstreep/skryf. Luister eers na en lees dan die storie ***Lady & die Vabond*** in pare, en beantwoord die vrae. (of volg skakel)	https://www.youtube.com/watch?v=-NkfHdUiRPU
	Skryf en Aanbied	Leerders voltooi die hervertelling wat hulle geskryf het, gedurende die week, en skryf dan die finale weergawe Hulle fokus op die skryfproses	
	Taalstrukture en Konvensies ***Spelling en punktuasie*** *Woordvorming (samestelling en afleiding)* • *Werk met sinne* • *Woordsoorte: werkwoord, voegwoord, selfstandige naamwoord (meervoud, verkleining)* • *Idiomatiese uitdrukkings* *Spelling en punktuasie* • *Spel bekende woorde korrek* • *Spelling van nuwe woorde (spelpatrone)* • *Afkortings* *Woordeskat in konteks (uit gelese teks)*	Verstaan en gebruik meervoude en verkleinwoorde Verstaan en gebruik idiomatiese uitdrukkings	

 AKTIWITEITE VIR DIE OUER	Net soos wat onderwysers sal onderrig.	Wanneer leerders moet terugvoering gee luister en help sover u kan. Laat u kind vir u elke dag vir ongeveer 15 minute uit 'n boek lees.	Woordeboek
 AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER	**Leerderaktiwiteite:** 1. Kies een vir daaglikse oefening)Leerlinge voer 'n kort gediggie of rympie op (soos hierinder) en speel die speletjie op die skakel: https://www.digitaldialects.com/Afrikaans_spelling/Vocabulary.htm https://afrikaans.com/leerhulp/taalspeletjies/ 2. Ken jy die betekenis van die volgende woorde? Kyk of jy hulle elk in 'n sin kan uitspreek 3. Luister mooi na die storie, *Lady & die Vabond*, terwyl jou ouer of onnie dit vir jou voorlees of volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=-NkfHdUiRPU Lees dit dan or In pare. 4. Bespreek nou die antwoorde tot die volgende vrae oor die storie met jou onnie of ouer voordat jy hulle in 'n vollesin uitskryf: 5. Leer die volgende idiomatiese uitdrukkings 6. Kies enige twee idiomatiese uitdrukkings wat jy met die storie kan vergelyk, en verduidelik aan jou maat hoekom jy so sê. 7. Verbind die volgende woorde met hul afkortings: 8. Voltooi die persoonlike hervertelling wat julle geskryf het gedurende die vorige week, en skryf dan die finale weergawe. Het julle ook die volgende stappe van die sktyfproses gebruik?		

AKTIWITEIT 1: Laat die leerders een kies vir daaglikse oefening:

Voer 'n kort gediggie of rympie op:

Kyk na die prentjie en volg die instruksies:

(8)

1) Teken 'n groot, geel son in die linkerhoek.
2) Teken drie blou wolke in die lug.
3) Teken 'n voëltjie wat in die boom se tak sit.
4) Teken twee blomme langs die huis.
5) Teken 'n skoorsteen op die huis se dak.
6) Teken sewe appels in die boom.
7) Kleur die skoenlapper blou en pers in.
8) Kleur die huis se deur rooi in en die vensters oranje in.

Speel eenvoudige taalspeletjies:
https://www.digitaldialects.com/Afrikaans_spelling/Vocabulary.htm
https://afrikaans.com/leerhulp/taalspeletjies/

Hervertel eie nuus:
Of hervertel die storie van Simba en Nala in die vorige les.

AKTIWITEIT 2: Ken jy die betekenis van die volgende woorde? Kyk of jy hulle elk in jou eie sin kan uitspreek:

gesellige sociable	eensaam lonely	takies small tasks	pantoffels slippers
skoenlappers butterflies	buurt neighbourhood	treurige sad	waaksaam vigilant
stewige sturdy	opgewonde exciting	kaggel fireplace	loer peep
opwindend exciting	oppasser carer	nare nasty	wrede cruel
vabond rascal	vertrou trust	ondeund mischievous	lawaai big noise
halsband collar (necklace)	vreemde strange	ritsel rustle	uitgeput exhausted

AKTIWITEIT 3: Luister mooi na die storie, *Lady en die Vabond*, terwyl jou ouer of onnie dit vir jou voorlees OF volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=-NkfHdUiRPU
Lees dan 'n paar paragrawe in hardop in paartjies.



Lady en die Vabond

Een Oukersaand gee Koos vir sy vrou, Skatlam, 'n geskenk. Skatlam maak die geskenk versigtig oop – en daar spring 'n klein hondjie uit. "O, wat 'n pragtige klein hondjie!" sê Skatlam. "Kom ons noem haar Lady."

Teen slapenstyd maak Koos vir Lady styf toe in 'n **gesellige** mandjie. "Dis jou eie bed," sê Koos. Maar Lady wil nie in haar eie bed slaap nie. Sy voel **eensaam**. Sy klim toe maar by die groot trappe op. En kry toe 'n baie gesellige plekkie om te slaap – op Koos en Skatlam se bed, by Koos se voete.

Elke dag word Lady 'n bietjie groter. Sy doen baie belangrike **takies** in en om die huis.
Elke oggend maak Lady vir Koos wakker. Dan bring sy vir hom sy **pantoffels**.
Lady blaf goeiemôre vir al die voëls en **skoenlappers**. Sy leer selfs om die koerant te vang en dit huistoe te dra!
Sommer gou maak Lady vriende met die ander honde in die **buurt**. Daar is 'n hond met 'n **treurige** gesig – sy naam is **Waaksaam**. Daar is 'n **stewige** Skotse terriër met die naam Skottie. Skottie wys vir Lady waar hy al sy bene begrawe. Hulle drie speel heerlik saam.

Wanneer Koos van die werk af by die huis kom, fluit hy. Lady hardloop na hom toe om hom te groet. Koos streel haar dan en sê: "Slim hond!"

Na ete lê Lady opgekrul voor die **kaggel**. Skatlam brei klein kleertjies.
"Daar's nou nog net drie van ons," sê Skatlam, "maar een van die dae is daar 'n baba, dan is ons vier." Lady is baie **opgewonde**.

Een stormagtige nag kom die dokter na die huis toe. Daardie nag is die baba gebore.
Die volgende oggend **loer** Lady by die kamer in.
"Kom, Lady, ontmoet die nuwe baba," sê Skatlam. "Maar moet haar nie wakker maak nie!"
Lady kyk na die slapende babatjie.
"Wanneer die baba groter is, kan julle lekker saamspeel," sê Skatlam.
Lady waai haar stert. 'n Nuwe baba in die huis – hoe **opwindend**!

Eendag sê Koos vir Lady: "Ons gaan vir 'n paar dae weg. Tannie Sara kom 'n bietjie hier help. En jy moet ook help."
"Lady sal 'n goeie baba-**oppasser** wees," sê Skatlam met 'n glimlag.



Koos en Skatlam is haastig. Hulle vertrek net toe Tant Sara daar aankom. Tant Sara lyk baie kwaai. Lady kruip agter die deur weg. Toe hardloop sy boontoe om die baba op te pas. Die baba glimlag vriendelik vir Lady. Maar Tant Sara is kwaad. Sy swaai die besem na Lady se kant toe en slaan 'n tafel om. Lady hardloop weg.
"Buite, jou **nare** hond!" gil Tant Sara. "Trap hier uit en bly buite!"
Arme Lady. Niemand het haar nog ooit 'n "nare" hond genoem nie. Sy sluip daar weg met haar ore platgetrek.

Lady stap en stap. Niemand sien haar eers raak nie. Behalwe 'n paar **wrede** honde – hulle blaf vir haar. Lady hardloop en hardloop. Uiteindelik hardloop sy by die stasie in. Daar is nie 'n siel nie. Sy val uitgeput neer en raak aan die slap.

Vroeg die volgende oggend kom 'n trein by die stasie ingestoom. 'n Groot, sterk hond spring uit. Sy naam is **Vabond**. Vabond reis van plek tot plek. Hy sorg vir himself. Vabond rek hom heerlik uit. Hy voel in sy element in hierdie nuwe plek. Toe sien hy vir Lady raak.

Eers is Lady bang. Sy onthou die wrede honde wat haar gejaag het. Maar Vabond lyk vriendelik. Lady hou van sy gesig.
"Woef! Woef!" blaf Vabond opgewonde. Hy hou sommer dadelik van Lady. Die twee stap saam daar weg. Lady **vertrou** vir Vabond.

Kort daarna kom hulle by 'n hoenderplaas. Vabond se oë skitter **ondeund**. Hy grawe 'n gat onder die heining. Lady hou vir Vabond dop. Dan kyk sy na die hoenders. Sy het nog nooit voorheen hoenders gesien nie. Lady klim saam met Vabond deur die heining. KRAS! KEKKEL! KRAAI! Die hoenders is bang. Lady is ook bang. Maar Vabond geniet die pret.

Vabond en die hoenders maak ‘n groot **lawaai**. Skielik kom daar ‘n hondevanger daar verby. Vabond hardloop weg. Maar Lady kan nie vinnig genoeg wegkom nie.

Die man gryp haar en gooi haar in die wa. Wat moet Lady nou doen? Vabond het verdwyn. Sy is in ‘n hok toegesluit. Daar is **vreemde** honde oral om haar. Maar hierdie honde is darem vriendelik. Hulle hou van die pragtige klein Lady. Hulle verseker Lady dat sy veilig sal wees. Sy het mos ‘n naamplaatjie aan haar **halsband**. En jou waarlik, die volgende dag neem die hondevanger vir Lady huistoe.

Tant Sara is nie bly om Lady te sien nie. Sy sit ‘n groot ketting om Lady se nek.
Lady kan daardie nag nie slap nie. Sy hoor ‘n ge**ritsel** in die blare. ‘n Rot! Hy hardloop reguit huis toe. Lady wil agter die rot aanhardloop. Maar die ketting hou haar terug. Vabond hoor Lady se geblaf en hardloop nader. Hy het haar oral gesoek. Net toe breek Lady se ketting. Lady en Vabond hardloop die huis in. Hulle jaag die rot by die trappe op. Hulle kry hom onder die leunstoel in die baba se kamer. Vabond weet presies wat om met die rot te doen. Vabond is **uitgeput** na sy suksesvolle vangs.

Skielik storm Tant Sara by die kamer in. Sy jag Vabond tot binne in die klerekas. Toe slaan sy hom met ‘n besem. Op daardie oomblik kom Koos en Skatlam met ‘n huurmotor daar aan.
“Dank die hemel julle is terug,” sê Tant Sara. “Ek het ‘n groot brak in die babakamer gekry. En die klein brakkie het my nie veel gehelp nie!” En sy wys na Lady.

“Wat het gebeur, Lady?” vra Koos. Lady blaf en spring op en af.
“Sy wil vir ons iets sê,” sê Skatlam. Lady hardloop boontoe. Koos volg haar. Lady draf tot by die leuenstoel waar Vabond die rot gevang het. Koos sien die rot wat daar lê. Hy weet dadelik wat gebeur het.
“Daardie hond het gehelp om ons baba te beskerm!” sê hy. Vabond sluip by die kas uit. “Jy is ‘n dapper hond,” sê Koos. “Jy moet altyd hier by ons bly.”
Tant Sara sit haar hoed op en stap uit.

Vabond raak gou deel van die gesin. Elke dag maak hy en Lady eers ‘n draai by die baba. Vabond maak ook vriende met Waaksaam en Skottie.



En sommer gou is dit weer Kersfees. Koos en Skatlam speel met die baba. En hierdie Kersfees is daar spesiale geskenke – klein hondjies! Lady en Vabond is baie trots op hulle! Hulle vier almal ‘n gelukkige Kersfees saam.

AKTIWITEIT 4: Bespreek nou die antwoorde tot die volgende vrae oor die storie met jou onnie of ouer voordat jy hulle in 'n vollesin in jou boek uitskryf:

1. Hervertel die storie met die gebruik van die volgende:



Vraag	Antwoord
1. Wie? Oor wie gaan die storie?	
2. Wat? Wat was die probleem?	
3. Wanneer? Wanneer het dit gebeur?	
4. Waar? Waar het dit gebeur?	
5. Hoekom? Hoekom het dit gebeur?	
6. Hoe? Hoe word die probleem opgelos?	

2. Oor watter tydperk neem die storie plaas?

3. Waarom word die volgende karakters so genoem?

Skatlam, Lady, Waaksaam, Vabond en Skottie.

4. Wat het Vabond met die rot gedoen?

5. Verduidelik die verskillende vriendskaplike verhoudings in die storie.

6. Hoe verstaan jy die vriendskap tussen 'n hond en 'n mens?

7. Verskaf die **verkleinwoorde** en dan ook die **meervoude** van die volgende woorde:

a) hond

b) brak

c) kas

d) gat

<u>AKTIWITEIT 5:</u> Leer die volgende idiomatiese uitdrukkings

<u>AKTIWITEIT 6:</u> Kies enige twee idiomatiese uitdrukkings wat jy met die storie kan vergelyk, en verduidelik aan jou maat hoekom jy so sê.

<u>AKTIWITEIT 7:</u> Verbind die volgende woorde met hul afkortings:

Januarie	Feb.
meneer	Des.
Augustus	Afr.
dokter	Apr.
Februarie	Eng.
dominee	Mei
September	Asb.
Afrikaans	Nov.
Maart	Jun.
Engels	dr.
Oktober	Jan.
asseblief	Aug.
April	Jul.
ensovoorts	mnr.
bladsy	ds.
Mei	Mrt
Desember	ens.
as gevolg van	Mnr.
Junie	a.g.v.
November	Sept.
meneer	bl.
Julie	Okt.

<u>AKTIWITEIT 8:</u> Voltooi die persoonlike hervertelling wat julle geskryf het gedurende die vorige week, en skryf dan die finale weergawe neer. Het julle ook die volgende stappe van die skryfproses gevolg?

1. Hou 'n dinkskrum vir idees deur kopkaarte te gebruik	*2. Skryf die eerste weergawe*
3. Hersien	*4. Proeflees*
5. Hersien	*6. Proeflees*